



Greater Cederberg Fire Protection Association

REËLS EN REGULASIES AAN LEDE TYDENS BRANDE

1. Sodra 'n brand waargeneem word moet die Weskus Distrik Munisipaliteit dadelik geskakel word – **022 4338700** (mits die eiendom binne die grense van die Weskus DM val);
2. Volgens die Brandwet, Wet 101 van 1998, **moet die grondeienaar alles in sy vermoë** doen om te keer dat die brand versprei na sy bure;
3. Verder moet die eienaar ook sy bure inlig dat daar 'n brand op sy/haar eiendom is en dat daar 'n moontlikheid bestaan dat dit kan versprei na sy/haar bure;
4. Die Weskus Brandweer sal dan hul hulpbronne aktiveer na die vuur, die Offisier in bevel sal dan die besluit maak of “initial attack” nodig is al dan nie;
5. Die eerste uur is gratis (ons noem dit “initial attack”), indien die Brandweer Offisier die besluit maak dat lugondersteuning nodig is. Geen grondeienaar kan of is by magte om die roep te maak nie. Onthou hierdie is 'n vergunning van die Wes-Kaap se Provinsiale Rampbestuursentrum. Die vergunning is verder gekoppel aan beskikbaarheid van fondse. Indien die befondsing vir “initial attack” reeds bv. in Januarie op is, verval die reëling en die grondeienaar is dan verantwoordelik vir alle koste indien hy/sy wil gebruik maak van lugondersteuning;
6. Die Brandweer sal na gelang van die insident meer hulpbronne aktiveer soos wat hulle nodig ag om die brand te beperk; - dit kan ook lugondersteuning insluit indien lewens en eiendomme in gevaar is. Hierdie kostes sal van die betrokke eienaar verhaal word. Verder moet grondeienaars ook onthou dat die Weskus DM ook hulle dienste teen 'n tarief aanwend, m.a.w. die grondeienaar gaan betaal vir die dienste;
7. Wanneer die GCBBV se Working on Fire hulpbronne aangewend word, op versoek van die eienaar en of die brandweer sal die kostes, ook verhaal word van die grondeienaar. Vir GCBBV lede is die spanne gratis, maar grondeienaar is verantwoordelik vir die vervoer van die spanne asook rantsoene as dit ter sprake kom;
8. Die betaling van hulpbronne word bepaal deur die dienste gelewer;
9. MoU (Memorandum of Understanding). Dit is my aanbeveling dat alle grondeienaars wel die MoU (wat beskikbaar is op die GCBBV web-tuiste www.cederbergfpa.co.za onder News) aflaai sodat dit betyds en volledig ingevul kan word. Let asb daarop dat die vorm maandeliks verander na gelang van petrol pryse. **Geen lugondersteuning** sal na enige vuur gestuur word, sonder 'n volledig **voltooid en getekende MoU** nie. Die voltooid vorm moet aan die Porterville Dispatch kantoor gestuur word – die kontak besonderhede is onder aan die vorm. Verder is die vorm ook nodig indien die “initial attack” verby is en lugondersteuning word verder benodig om te verhoed dat die vuur verder versprei of om lewens en eiendomme te beskerm.
10. Versekering Instansies – Grondeienaars moet deur Versekerings instansies bewus gemaak word dat hulle verantwoordelik is vir brandbestrydingskoste (Lugondersteuning, Brandweerdienste asook vir die Working on Fire spanne). Dit word reeds intensief gekommunikeer aan ons lede asook die noodsaaklikheid om brandbestrydingskoste in te sluit by hul versekering portfeuljies. Die onderskeie versekerings instansies moet ons asseblief ondersteun in die strategie ten einde moontlike skade, verliese en eise te verminder. Dit moet vooraf bekend wees aan alle kliënte dat hul;
 - (a) Wel gedek is vir brandbestrydingskoste in hulle onderskeie portfeuljies;
 - (b) Dat hulle wel mag aanvra vir lugondersteuning wanneer hulle versekerde eiendomme, strukture en bates bedreig word. Dit sal wel gedoen word deur die Brandweerhoof in te lig van die grondeienaar se voorneme;
 - (c) Wat die maksimum bedrag is waarvoor daar wel versekering bestaan?. Byvoorbeeld 'n grondeienaar is net gedek vir R200,000.00 maar die werklike uitgawes is R300,000.00 en
 - (d) Onder watter kriteria kan die hulpbronne wel geroep word.
11. Deur bogenoemde betyds te kommunikeer en stelsels in plek te hê sal dit verseker dat daar nie onnodige vertragsings voorkom nie, wat die moontlikheid van skade kan verhoog nie.